# Die Lig na die Wêreld.

Potch. 1 Maart '92

Skrif: 1) Matt. 5 vs. 13–16
2) Joh. 12 vs. 44–47

Teks: Joh. 12 vs 46 – Ek het as lig na die wêreld toegekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie.

Op 29 Maart vanjaar vier u as gemeente van Potchefstroom (die oudste gemeente van die N.G. Kerk in Tvl) u 150-jarige herdenking. Hierdie viering vind plaas in 'n belydenisverbondenheid met die N.G. Kerk van SA maar ook met die familie van N.G. Kerke in SA (N.G.S.K., N.G.K.A. en RCA) en buite SA wat almal dieselfde belydenis onderskryf en beoefen. Maar in 'n breër sin vind so 'n feesviering ook plaas met alle kerke binne en buite SA wat Jesus Christus as Here en Verlosser bely.

By die terugblik op die 150 jaar wat verby is en by die vooruitblik na die onbekende toekoms wat wag is ons as gemeente verplig om die vraag te stel: In hoeverre het ons voldoen aan Xtus, die Hoof van die Kerk, se verwagting van sy gemeente? Die vraag veronderstel vanselfsprekend die dieper vraag nl. Wat is Xtus se bedoeling met en verwagting van Sy Kerk?

NB.



Die Bybel is vol van beskrywinge en beelde van hd. bedoeling / verwagting. Maar dit lyk my dat dit nêrens so helder en omvattend uitgedruk word as in die Bergrede (Matt. 5 vs 14): "Julle is die lig vir die wêreld". Dit beteken ons seker dat ons as gemeente lig vir die Kerk moet wees waaraan ons verbonde is; dit beteken ook dat ons lig vir die volk moet wees waaraan ons as lidmate behoort. Maar dit beteken bo alles dat ons nooit mag vergeet dat ons eerstens geroepe is om lig vir die wêreld te wees. Oor hierdie taak het Xtus so sterk geval dat Hy nie net aan die begin van sy openbare bediening (die Bergrede) maar ook aan die einde van sy openbare verkondiging hd. waarheid herhaal en beklemtoon het: "Ek het as lig na die wêreld toegekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie" (Joh. 12 vs. 46)

Wat beteken dit om lig vir die wêreld te wees?

Beteken:
"julle"
1) Dat ons 'n gemeenskap [van gelowiges] is – nie net enkelinge
2) Dat hd gemeenskap 'n liefhebbende gemeenskap moet wees
3) Dat hd. gemeenskap 'n waarheidsoekende " " ,
4) Dat hd. gemeenskap 'n lydensbereidwillige " "
5) Dat hd. gemeenskap 'n vredevolle en versoenende gemeenskap moet wees

Dis veral in tye van groot spanning en onsekerheid in die lewe van 'n mens, van 'n familie, van 'n Kerk, van 'n volk, van 'n land dat daar hoë eise gestel word aan hd. gemeenskap van gelowiges om getrou te wees aan Xtus se opdrag:

"Laat julle lig so voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matt. 5 vs 16)

Gevaar is groot dat sommige Xtene in hulle angs, hulle onsekerheid, hulle onkunde, hulle vooroordeel, hulle eie belang gryp na allerlei skynoplossings: bv

- die een gryp na geld en goed as sekuriteit
- die ander gryp na wapens en geweld " "
- 'n derde gryp na politieke intriges " "
- 'n vierde gryp na goedbedoelde maar ongebalanseerde vorme van geloofsuitlewinge

NB. So 'n tyd dwing 'n Xten, 'n Xtengemeenskap, 'n Kerk terug na die diepste waarhede, opdragte en eise van die Evangelie. Daar,

NB. in die Evangelie, moet ons die weg gaan soek vir ons getuienis om lig vir die wêreld te wees. En as ons verskil oor die vraag wat die Evangelie ons wil sê, dan moet ons soekend, biddend, lerend, doenend die weg saam vind – veral saam met Xtene van wie ons verskil!